# Produktiwiteit SA betaal skuld met ekstra taksgeld

**Jaco Leuvennink,** Kaapstad

Produktiwiteit SA is besig om agterstallige huur- en ander verpligtinge na te kom nadat sowat R4 miljoen bykomend aan hom toegeken is om tekorte uit te wis.

Só het mnr. Bongani Coka, wat onlangs die leisels as uitvoerende hoof by me. Yvonne Dladla oorgeneem het, gister gereageer op 'n verklaring van me. Anchen Dreyer, DA-woordvoerder oor arbeid, dat state in die party se besit toon Produktiwiteit SA skuld meer as R1 miljoen aan Sanlam Lewensversekering vir die huur van sy kantore in Gateway Park in Midrand.

Coka het gesê net sowat R300 000 word nog aan Sanlam geskuld en dat onderhandelinge oor die betaling daarvan aan die gang is. Hy het in Januarie vanjaar aan die portefeuljekomitee oor arbeid gesê 'n omkeerstrategie by die instelling wat produktiwiteit in Suid-Afrika moet bevorder, begin reeds vrugte afwerp deurdat 'n tekort van R7 miljoen – as die bates met die laste vergelyk word – tot sowat R4 miljoen verminder is. Hy het toe reeds aangedui dat die nasionale tesourie deur die departement van arbeid om bykomende geld vir die instelling gevra is.

Dit volg op die verslag van die onafhanklike ouditeure wat verlede jaar bevind het dat Produktiwiteit SA weens die tekort "tegnies bankrot" is.

Dreyer het gevra dat Produktiwiteit SA ontbind en belastingbetalers se geld beter aangewend word. Sy het gesê hoër produktiwiteit is die sleutel tot die uitbreiding van die ekonomie en die skep van geleenthede vir almal in Suid-Afrika. Dit is egter ondenkbaar dat 'n instelling wat nie sy eie sake behoorlik kan bestuur nie, ander kwesbare maatskappye moet bystaan om produktiewer en mededingender te wees.

Verlede jaar is in 'n peiling van Proudfoot Consulting bevind dat Suid-Afrikaners nie baie produktief is nie. Die peiling onder sowat 1 000 middelvlak-bestuurders in 12 lande het getoon plaaslike werknemers se vlakke van onproduktiewe tydsbesteding (41%) is die hoogste. Australiese werknemers het die laagste onpro-